VOLKSBLAD, Saterdag
25 Oct 2014, p.3

Duurste woning teen R250 m.

Huis so groot soos winkelsentrum

Elma Kloppers

JOHANNESBURG. – Die versekeringsmagnaat Douw Steyn (62) se nuwe paleis is die duurste wooneiendom wat nóg in Suid-Afrika gebou is.

"Palazzo Steyn" het 'n astronomiese R250 miljoen gekos om te bou. Dit is die eerste residensiële eiendom wat in Steyn se Steyn City-leefstyllandgoed in Fourways, langs Dainfern in Johannesburg, voltooi is.

Dié woning spreek van oordaad. Dit beslaan 3 000 m² – die grootte van 'n geriefswinkelsentrum. Dit het sewe slaapkamersuites en 'n wynkelder. Die spelonkagtige motorhuis het plek vir sy versameling van 33 sport- en veteraanmotors.

Die omvattende tuin is omring deur 'n akwaduk, waarvandaan die water in 'n mensgemaakte meer na benede stort.

Die weelde laat pres. Jacob Zuma se Nkandla, wat teen dieselfde bedrag deur die belastingbetaler gefinansier is, maar sleg afsteek.

Die miljardêr-stigter van Auto & General het in 1992 na Londen verhuis, maar bring steeds tyd in sy geboorteland deur. Op Steyn City se webwerf sê hy dat hy in 'n luukse woning in Amerika of Europa kon belê het, maar Suid-Afrika gekies het omdat hy vertroue in die land het.

Douw Steyn

Hy is ook die eienaar van die CompareTheMarket-versekeringswebwerf, waar die suksesvolle meerkat-advertensies sy welvaart help opstoot het tot 'n geskatte R10 miljard. Volgens Forbes maak dit hom die 28ste rykste mens in Afrika.

Hy besit ook 'n weeldewoning met tien slaapkamers in die Londense rykmansbuurt Belgravia, wat hy twee jaar gelede teen £62 miljoen (meer as R1 miljard) aangeskaf het.

Sy vorige private woning in Sandhurst in Johannesburg word vandag as die Saxon-boetiekhotel bedryf. Dié eiendom is in 1990 voltooi.

Steyn sê mense vra altyd hoekom Steyn City na hom genoem is. "Vra iemand ooit vir Donald Trump hoekom hy sy gebou in New York Trump Tower genoem het?" is sy reaksie.



Só lyk Suid-Afrika se duurste huis. Dié paleis van die versekeringsmagnaat Douw Steyn het R250 miljoen gekos. Foto: BIZNEWS.COM

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.